**OORDENKING : GEMEENTES MAAK NOG SAAK EN MAAK NOG `N VERSKIL!**

*(saamgestel uit Coenie Burger se boek "Ontmoetings met die lewende God" – bladsye 154 - 157)*

In sy boek *The Gospel in a Pluralist Society,* skryf Lesslie Newbigin: **" Jesus het nooit `n boek geskryf nie; Hy het eerder `n gemeenskap om Hom versamel".** Argumente,boeke, preke ensovoorts is nie die goed wat mense na Christus toe trek nie. Want die duidelikste en mees wesentlike verskil wat die evangelie maak, lê nie in wat *in* mense gebeur nie, maar in wat *tussen* mense gebeur.

**Die beste argument vir die Christendom is `n groep mense – *ons noem dit `n gemeente* – wat regtig anders leef, volgens wat Jesus vir hulle geleer het**. As ons sulke gemeenskappe kan vorm, waarin die liefde en geregtigheid en vrede waarvan Jesus gepraat het ernstig opgeneem word en `n werklikheid begin word, sal die Christendom nie sukkel om aanhangers te kry nie. Daarom het Jesus nie boeke geskryf nie, maar al sy tyd daaraan gewy om `n gemeenskap te vorm. Dit beteken nie dat boeke en argument en die voorbeeld van individuele gelowiges onbelangrik is nie; in die opbouproses van gemeentes en gemeenskappe is dit nodig, maar die waarheid bly: **wat die eintlike verskil maak, is die lewe van die gemeente.**

**Gemeentes is nie luukses of opsionele ekstras nie**. Daar is nogal heelwat gelowiges wat so dink, maar dit is 'n selfsugtige manier van dink oor geloof. Sulke mense reduseer die evangelie tot 'n persoonlike lewensbenadering en leefstyl, en neem net daaruit wat vir hulle self iets kan beteken. Maar die bedoeling van die gemeente is nie net dat ons daardeur gehelp word nie, maar dat ons saamleef met medegelowiges so nuut sal wees dat dit mense van buite na die geloof sal aantrek.

**Gemeentes het ongelooflike moontlikhede om mense se lewens te verryk en te verander.** Van die beste dinge wat die lewe ons bied, ontvang `n mens in gemeentes. *Gemeentes kan ons help met drie groot behoeftes wat ons het:* ons behoefte aan gemeenskap en versorging; ons behoefte aan sin en betekenins in die lewe; en ons behoefte aan mense wat ons ondersteun en dink ons is iets werd.

Baie mense kan getuig dat hulle tot geloof in Christus gekom het nie deur leeswerk of lang gesprekke oor die geloof nie, maar deur die onverwagte liefde en begrip en sin wat hulle in gemeentes gevind het. **Baie mense se lewens is omvorm deur wat hulle in gemeentes gesien, ervaar en geleer het.**

Al meer sosiale waarnemers, selfs van buite die kerk, begin raaksien watter merkwaardige impak en positiewe invloed `n gemeente kan hê. **`n Gemeente of twee wat goed funksioneer kan `n yslike verskil maak in die lewe van 'n gemeenskap of dorp.**

**Die evangelie kom nie sonder gemeentes nie.** As ons vir ander wil vertel van Christus en die verskil wat Hy in mense se lewens kan maak, is die heel beste plan om hulle te neem na `n gemeente wat werklik die evangelie uitleef. Meer as in argumente of verduidelikings kan mense in `n goeie gemeente sien waaroor die evangelie eintlik gaan en watter verskil dit in mense se lewens maak.

**Geagte Lidmaat, mag jy ons gemeente help om so 'n gemeenskap van positiewe groei en invloed te wees. Dit sal meebring dat, wanneer mense die wyse waarop ons die evangelie uitleef raaksien, hulle ook daaraan en aan God deel sal wil hê.**

*Ds Leon Tait*

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

Maandblad — November 2009


## 2009 is die jaar van herlewing

## Herlewing: 'n nuwe tong!

Ons lewe in 'n tyd waar almal 'n mond vol het oor alles en almal. Ons praat asof ons betaal word. Ons gee ons menings en opinies links en regs. Ons praat sonder om te dink aan die gevolge. Wat ons sê het 'n invloed op ander se lewens, negatief of positief. ***Die tong het mag oor dood en lewe; dié wat lief is vir praat sal die gevolg dra (Sprke 18:21).*** Dink na oor die tong se mag:

- Die tong kan <u>dood</u> bring (dink hoe iemand se woorde 'n ander se lewe kan vernietig, hoe iemand wat Jesus nie as Verlosser bely nie die ewige dood oor homself/haarself bring, hoe ons versuim om vir 'n ander die goeie nuus van Christus se genade te vertel of hom/haar in 'n toestand van geestelike- dood laat).
- Die tong kan ander se lewe *stukkend sny* **(p*arty mense maak graag ander seer. Hulle woorde is soos 'n skerp mes wat alles stukkend sny)*** vgl Spr 12:18.
- Die tong kan selfs die *Heilige Gees laat huil* oor jou! (Ef 4:30).
- Die tong *wys waarvan jou hart vol* is (Mat12:34; Luk 6:45).
- Die tong kan ook <u>lewe</u> bring (***As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is ... sal jy gered word Rom 10:9).***
- Belydenis van sonde met die tong bring vergifnis en heling (Ps 32; 51; 1Joh 1:9).
- Die tong kan ingespan word om ander te troos, te bemoedig, te help en te bou (1Tes 5:14; Ef 4:29).
- Met die tong kan ons tot God bid en vir ander voorbidding doen.
- Met die tong kan ons ander vertel van die lewe in Christus (Han 1:8). Moeder Theresa: *Woorde straal die lig van Christus uit of intensiveer duisternis!*
- Met die tong kan ons God loof en prys (Ps 34:2; Hebr 13:15).


Wie 'n nuwe hart het se tong moet ook nuut word!



*Gees van God kom raak my tong aan met U liefde en gebruik my tong meer en meer tot U eer en tot ander se opbou.*

*Ds Leon van Heerden*

## ‼ Onthou-Datums ‼



- 1 November @ 9h00: Dankofferfees
- 3 November: Netwerkkursus: deel 3 van 3
- 8 November @ 9h00: Gesamentlike Kinderdiens & Gemeentetee
- 10 November @ 19h00: Vrouebediening: Dankie-sê geleentheid
- 15 November @ 9h00: Doop en Kategese afsluiting
- 22 November @ 9h00: Kerssangdiens
- 22 November @ 18h30: Jeugfees en Jeugafsluiting
- 29 November @ 9h00: Nagmaal & CMC Kersdiens

### Beheer die tong ........

Gedugte Here,

Ons bely eerlik voor U dat ons swak is.

Ons struikel almal in baie opsigte, veral met ons woorde. As iemand sy tong kan beheer, is hy geseën en by magte om sy hele liggaam in toom te hou.

'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek.

Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, diè deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot by die dood toe, aan die brand. En self word dit uit die hel aan die brand gesteek.

Met die tong loof ons U, Here, en met die tong vloek ons die mense wat as u beeld gemaak is.

Ons weet dat dit nie so behoort te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. 'n Vyeboom kan tog nie olywe dra, of 'n druiwestok vye nie.



Ons bid dat U ons krag sal gee om hierdie rustelose kwaad vol dodelike gif, in bedwang te hou. Om ons tonge tot u eer en tot heil van alle mense te gebruik.

Om Christus ontwil.

*Amen*

*(Jakobus 3:2, 5, 6, 9-12)*

## DIE BOESMAN SE ONSE VADER



*" Onse Vader wat doer*
*êrns vêr bo in die bloulug is, diese warm*
*dag wil ikke op myse kniege tot U kom*
*bid: Lat U se koningskap tog by ons kom,*
*en lat U se grootheid hier tissen ons*
*staan gemaak kan worre, en lat U se wil*
*gebeure doer bo by U rond, net so*
*gebeure hier by ons Boesm'land se grond.*
*Gee ons vandag onse tjai - impie kos*
*en vergewe ons, onse sondige gemors,*
*sos ons die ander minse sin vergeef.*
*Here lat die kwaad doen goerterse wye*
*draaie om ons loop en gee tog samblief*
*Here lat die duwel nie naby kom nie.*
*Die minse doen sulke lelike goerters*
*teen my, maar help tog samblief dat ik*
*dit nie sal raak sien nie, dan sal U mos*
*ok nie myne raak sien nie. U is vir altyd*
*en vir altyd. Amene my groot KROON.*

Geskryf deur P.J. van den Heever. Bonnievale. Bestel by Tel: 0236163310.

Die hedendaagse (postmoderne) mens se reaksie teen absolute waarhede wat vir jou *gegee* word en *van bo af* op jou afgepreek word, kan in die omgeegroep aangespreek en as kragte in die regte rigting ***gebruik*** word. In die omgeegroep word lede nie voorgesê (voorgepreek) wat om te glo nie, maar ontdek hulle die waarhede saam uit die Bybel en uit mekaar se getuienisse oor die realisering van die Woord in hulle lewens.

Wanneer gelowiges in omgeegroepe hulleself daarop toespits om saam na God te luister en om mekaar te help om sy stem te hoor, kan omgeegroepe 'n *luisterruimte* wees. Die rede hiervoor is dat die Gees van God op 'n besondere wyse in die gemeenskap van gelowiges woon (vgl. 1 Kor. 3:16-17; Ef. 2:20-21).


Navorsers het aangetoon dat die gemeente in Korinte na alle waarskynlikheid in omgeegroepe in mekaar se huise bymekaargekom het. Of dit so is of nie, weet ons nie verseker nie. Wat vir ons wel duidelik is, is dat die beginsels in 1 Kor. 14 oor hoe gelowiges mekaar profeties moet opbou, ook op omgeegroepe van toepassing is. So dui 1 Kor 14:26 byvoorbeeld op voorbereiding van die bydraes wat gelowiges in die byeenkoms kan kom maak. Tydens die byeenkoms moet die omgeegroeplede mekaar se behoeftes in ag neem en sensitief wees vir wat die Heilige Gees deur hulle op 'n verstaanbare manier vir mekaar wil sê. Tydens die byeenkoms kan meer as een persoon die geleentheid kry om 'n bydra te maak, maar hulle moet beurte maak sodat alles ordelik geskied. So 'n byeenkoms sal dan tot opbou van die omgeegroep en eventueel die gemeente wees (1 Kor. 14:26).

In terme van Bybelstudie vorm die omeegroep 'n gemeenskap van Skrifinterpreteerders. Saam kan hulle na God se Woord luister en biddend vir die lede se lewens interpreteer en toepas. In groot getalle kan 'n gemeente sinvol na een of miskien 'n paar Geesvervulde mense luister en hoor wat God deur hulle vir die gemeente sê. In die omgeegroep word interaksioneel na mekaar geluister. Elkeen kan 'n kans kry om te praat en elke groepslid bring sy/haar lewe na die byeenkoms sodat God se lig daarop kan val en sy stem daaroor gehoor kan word. So kan 'n omgeegroeplid ook hoor hoe God deur die ander lede met hom of haar praat. Op die wyse kan gelowiges mekaar se geloof onderling verryk en mekaar vir hulle hele lewe in die Here se teenwoordigheid toerus.



Deel 1 vna 3: vervolg ....

.



# Taakspan vir Omgeegroepe

## <u>Wat is 'n Omgeegroep</u>?

Gemeentelede wat in Kleiner groepies gemobiliseer word. Soos met die eerste gemeente in Handelinge 2, raak elke gemeentelid aktief betrokke by mekaar, die groter visie van die gemeente en die uitdra van God se Woord na die wêreld. Dit bied geleentheid vir geestelike groei en om medegelowiges te bedien en geestelik te versorg.

## <u>Wat gebeur in 'n Omgeegroep</u>?

Lering / Bybelstudie word aan die hand van 'n studietema gedoen wat inpas by preektemas van die gemeente vir daardie maand. Groeplede kry die geleentheid om onderwerpe en vrae intensief te bespreek. Dit is nie in 'n gewone erediens moontlik nie.

Groeplede bid vir mekaar en bedien mekaar deur hulle onderskeie gawes. Individue leer om as werktuie van die Here die liefde van Christus aan medegelowiges te demonstreer. Omgeegroeplede reik ook uit na buite en identifiseer 'n projek waarby hulle betrokke wil raak.

***'N GESONDE GEMEENTE REIK UIT!***
***SAAM IS ONS BETER!***

***<u>Johannes 13: 35</u> – "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus".***

Indien jy by 'n omgeegroep wil inskakel, of meer inligting verlang, kontak vir Liezel Nieuwenhuis by 076 840 5591.



# Omgeegroeppe



In die kerklike lewe kom daar, veral in die stad, weinig van die gemeenskap van die gelowiges tereg. Aangesien dit die wesenlike eienskap van die gemeente van Jesus is, moet dit ten alle koste herstel word. Die talle “mekaar”-tekste kan slegs gehoorsaam word waar hierdie lewensgemeenskap ’n werklikheid is. In Hebreërs 10:24 word die gelowiges byvoorbeeld aangespoor om na mekaar om te sien en mekaar aan te moedig. Dit verwys nie noodwendig na ’n byeenkoms nie en veronderstel baie duidelik ’n persoonlike verhouding.

'n Omgeegroep bied 'n intieme en ontspanne omgewing vir die moderne, gejaagde mens om betrokke te raak by sy of haar medemens, om sodoende gesamentlik God se plan vir die mensdom uit te leef en uit te dra aan 'n verloregaande wêreld, deur om te gee vir mekaar en mekaar se laste en vreugdes te deel.

Ons lewe is baie gejaagd en individualisties. 'n Omgeegroep is die plek om te ontlaai van al jou stres en jouself in die teenwoordigheid van vriende en ander persone wat ook omgee, mekaar te verryk in die Heilige Gees en in God se Woord.

'n Groepie van tussen 10 tot 12 mense wat in liefde aan mekaar verbonde is met die hoof doel om mekaar in liefde op te bou en te help om hulle Bybelse opdrag uit te voer; God te verheerlik; mekaar geestelik te ondersteun en die evangelie uit te dra".

Omgeegroepbediening lei elke lidmaat tot 'n ware ontmoeting met Christus en tot geestelike groei en verdieping.

Omgeegroepbediening word met verskillende benamings beskryf deur verskillende gemeentes, bv. Selgroepe, Huisgemeentes, Groeigroepe, Dissipelgroepe, Bybelstudiegroepe, Gebedsgroepe, ens. Die kerngedagte van die Omgeegroep bly egter altyd die "koinonia gedagte" - onderlinge gemeenskap van gelowiges wat op 'n gereelde basis bymekaarkom om mekaar te dien, mekaar te bemoedig, mekaar te leer en vir mekaar en andere te bid.

Die benaming "Omgeegroepe" is waarskynlik die mees omskrywende en daarom word die benaming verkies om die doel en funksie van die bediening te beskryf - nl. "omgee vir mekaar" of "koinonia".

## HOE LIEFDESBANDE GEBOU KAN WORD

Die belangrikste faktor is **onderlinge kontak.** Daar moet van soveel maniere van kontak gebruik gemaak word as wat moontlik is; gesinne word aangemoedig om vir mekaar verantwoordelikheid te neem. Daar moet uitgekyk word vir geleenthede soos verjaardae en ander hoogtepunte waarop gesinne of persone spesiale aandag kan ontvang. Dit is belangrik dat elkeen, tot die jongste kind, sal besef dat hy of sy aanvaar word en dit sal sien in die manier waarop ander persone met hulle kontak maak. Dit gaan oor liefde; nie ’n emosionele of sentimentele ervaring in die eerste plek nie, maar om in diensbaarheid en onselfsugtigheid die ander een se behoeftes in ag te neem.

Liefde neem nie noodwendig baie tyd in beslag nie; die onderlinge weeklikse besoekies of oproepe kan kort wees – net ’n paar minute om na mekaar se welstand te verneem en selfs vir mekaar te bid. Liefde is egter ook bereid om op te offer en daarom moet die medegelowiges ’n prioriteit wees.

Omgeegroepe maak dit moontlik om mense se vlak van geloofsbelewing te verdiep. Soos byvoorbeeld:

1. Omgeegroepe skep ruimtes om na God te luister.
2. ’n Ruimte vir geloofsgemeenskap *(koinonia)*.
3. Aanspreek van sosio-emosionele behoeftes.
4. Oop kanale na en vir die wêreld.

’n Potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en situasie.

**Omgeegroepe skep ruimtes om na God te luister:**

Die omgeegroep is baie beslis ’n ruimte waarbinne hulle mense saam met medegelowiges God se teenwoordigheid op ’n besondere wyse kan beleef en saam probeer agterkom wat die wil van die Here vir hulle lewens is. Die omgeegroep help, ook om op individuele vlak, God se werklikheid in hulle lewens te ervaar en hulle geloof, Bybelstudie en gebed op ’n dieper geestelike vlak te beleef.

Christus sê volgens Matt. 18:20 “waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle.” Wat ’n omgeegroep suksesvol maak, is nie die teenwoordigheid van ’n begaafde omgeegroepleier of kitaarspeler nie, maar Christus se teenwoordigheid onder ons. Die horisontale (mens-tot-mens) verhoudings in die omgeegroep kry sy volle betekenis in die vertikale verhouding, naamlik die groep se lewe *in die Here se teenwoordigheid.*